# Katalisfonds vir Natuurwetenskappe

## BEURSONDERSTEUNING

vir nagraadse studente by die Universiteit Stellenbosch

## Konteks

Navorsing is 'n kragtige werktuig in die globale ekonomie. Ontwikkelings op die gebied van die wetenskap, tegnologie en innovasie, verander wêreldwyd die wyse waarop mense leef, kommunikeer en sake doen, en beïnvloed die ekonomiese groei en ontwikkeling. Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan (2012) het 'n teiken gestel vir die lewering van 5 000 doktorale graduandi teen 2020 (1 876 in 2012) ten einde die land se navorsing- en innovasiekapasiteit uit te brei en broodnodige werksgeleenthede te skep oor die volgende paar jaar. Die meeste van hierdie kennis word binne universiteite en navorsingsrade gegenereer.

## Unieke waarde-aanbod – Die Fakulteit Natuurwetenskappe

Die Fakulteit Natuurwetenskappe by die Universiteit Stellenbosch (US) bied 'n wêreldklas navorsingsomgewing, institusionele ondersteuning en die spesialiskennis om nagraadse studentesukses te verseker.

Die US is daartoe verbind om die volgende generasies Suid-Afrikaanse wetenskaplikes op te lei – 'n groep innoverende en kritiesdenkende mans en vroue wat 'n aktiewe rol kan speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en wat katalisators sal wees in die skeppingsproses van die kennis-intensiewe ekonomie wat so deurslaggewend is vir Suid-Afrika se groei en ontwikkeling. Teen hierdie agtergrond en in die lig van die ernstige besnoeiing van fondse aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings vir nagraadse studies, het die Fakulteit Natuurwetenskappe die Katalisfonds bekendgestel ter ondersteuning van verdienstelike nagraadse studente wat aan spesifieke kriteria voldoen.

## Versoek vir ondersteuning

Die Fakulteit benodig ongeveer R11 miljoen per jaar om beurse vir sy nagraadse studente te kan gee. Ondersteuning kan 'n volle beurs of 'n bydrae tot die beursfonds wees. Bydraes kan in die onderstaande bankrekening inbetaal word:

| | |
|---|---|
| NAAM VAN INSTELLING | Universiteit Stellenbosch |
| BANK | Standard Bank |
| TAK | Stellenbosch |
| TAKKODE | 05 06 10 |
| REKENINGNAAM | Universiteit Stellenbosch (Algemeen) |
| REKENINGNOMMER | 073006955 |
| Verwysing | Catalyst Fund FoS |

**KONTAK:** Anneke Müller
**Fondswerwer:** Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit Stellenbosch
**Tel:** +27 21 808 4904 • **E-pos:** annekem@sun.ac.za

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY

100 1918 · 2018



## “Om as student jou oor geld te bekommer, belemmer jou vermoë om te fokus.”

Dr Bali Sishi
Senior Lektor, Fisiologiese Wetenskappe

Ek het al my grade – voorgraads en nagraads – by die Universiteit Stellenbosch behaal. Nadat ek my doktorsgraad voltooi het, het ek as junior lektor hier begin werk, en is onlangs bevorder tot senior lektor. My werk behels klasgee, navorsing en betrokkenheid by sosiale impakprojekte. Wat ek egter die meeste van my werksveld geniet, is die tyd wat ek in die laboratorium kan spandeer, besig om vrae te vra en eksperimente te doen. Ek is verslaaf aan navorsing en kan heeldag in die labratorium deurbring.

Ek is die oudste van drie kinders en het my voorgraadse studie sonder enige eksterne befondsing begin. Om as student jou oor geld te bekommer, belemmer regtig jou vermoë om te fokus. My eerstejaar was baie moeilik, maar ek het my visier gehad op die voltooiing van my graad.

Wanneer jy ‘n beurs kry, het jy goeie finansiële bestuurs-vaardighede nodig. En dit het ek gehad. My ma het my geleer om altyd eers my skuld te betaal en dan te sien wat oor is. Ek het dus elke jaar my studies en verblyf vooruitbetaal en daarna die res van die geld volgens die maande verdeel.

Ek glo dat meer gedoen moet word om kinders opgewonde oor die wetenskap te maak. Kinders moet die geleentheid hê om eureka-oomblikke in die wetenskappe te beleef. Daar is egter ‘n tekort aan hulpbronne in die klaskamer en soms selfs geen laboratorium nie. Kinders hou nie van wiskunde nie en is selfs bang daarvoor. Dit neem tyd om wetenskapsbeginsels vas te lê, en dikwels is die kwaliteit van onderrig ook problematies. Ek was ook betrokke by wetenskapsekspo’s vir skoolleerders en by gemeenskapsgebaseerde navorsing, waar ek kollegas kan ondersteun deur te tolk in Xhosa in Xhosa-sprekende gemeenskappe.

Ek is baie dankbaar vir die beurse wat ek ontvang het. Baie studente benodig steeds broodnodige befondsing. Ek wil graag donateurs wat studente fiansier deur middel van beurse, aanmoedig om daarmee vol te hou. Daardie geld maak deure oop.